

Vrydag 21 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 26:1 – 27:9

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 26:4, 5, 16; 27:3, 6

Vertrou nie op prinse

Ons elkeen ken die woorde van Psalm 146:3 ... *Vertrou nie op prinse ... by wie geen heil (redding) is nie*. Hierdie Bybelse woorde het al 'n bekende spreekwoord geword: “*Moet nie op prinse vertrou nie.*” Dit is waarop die hele Skrif ons wys ... dat ons op God ALLEEN moet vertrou en NIE op mense nie.

In ons Skrifgedeelte word twee Bybelse figure vir ons voorgehou, Ussia en Jotam. Elkeen was op sy eie manier “groot” konings. MAAR die “grootheid” van elkeen het drasties verskil! Wanneer ons na dié twee persone kyk, het die einde van hulle aardse paaie verskillend geëindig. Die een het as hoogmoedige in sy melaatsheid gesterf (26:23) en die ander een het in geloofsnederigheid eervol as koning gesterf (27:8-9). Aan die een kant vind ons die *waarskuwing van hoogmoed* en aan die anderkant die *getrouheid van geloofsbelydenis*!

Dit is nie om dowe neute dat die Skrif ons juis hierop wys nie. Ons sien juis by ons Here Jesus Christus dat Hy as die ware nederige nog steeds as ware Koning opgetree het! Filippense 2 getuig daarvan. Dit is kragtens die Heilige Gees wat die geloofsnederigheid in ons harte bewerk word. Daardie geloofsnederigheid vloei voort vanuit Christus se offer, waar Hy deur sy bloed ons voor God stel! Deur sy opstandingskrag regeer Hy as ware Koning deur sy Woord en Gees in ons harte deur die geloof!

As gelowige het ons die opdrag om Hom as Koning te eer en te gehoorsaam! Natuurlik sal ons teen die ou hoogmoedige mens moet stry! Ons kan dit doen! Ons stry deur die geloof in die krag van ons Here Jesus Christus as Koning! Dit is Hy wat in ons harte werk deur sy Heilige Gees, sodat ons in nederigheid sy wil sal soek! Ons is hier met 'n taak en 'n heilige roeping voor die Here as Koning! Erken sy Koningskap in jou lewe en in jou hart!

Leef daardie geloofsroeping elke dag uit!

Sing: Psalm 45-1:1

Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)